

**22 Julie**

**Hosea 8:1-14**

(Teks: 8:1 en 2)

***Wees gewaarsku: God se oordeel begin by sy huis!***

Dit is 'n finale dreiging van die Here wat ons nou hoor. God het klaar mooigepraat en gedreig; nou maak Hy bekend dat Hy 'n verskriklike oordeel oor sy huis gaan bring. Die Here waarsku: Ek is gereed om soos 'n arend aan te val en finaal te vernietig. Israel is soos 'n selfgenoegsame kuiken wat dit onder sy moeder uit waag en op eie bene wil staan.

Ons moet hierdie dreiging ernstig opneem. God bedoel wat Hy hier sê. Die tienstammeryk is totaal vernietig en in ballingskap weggevoer.

Toon ons ook tekens van hierdie selfgenoegsaamheid?

Israel sê: "Ons is mos Israel..."

Ons kan vandag rustig sê: "Ons is mos Gereformeerd...". "Ons is mos gedoop...". Dis wanneer ons selfgenoegsaamheid ons die prooi van die arend maak.

Dis genade om nou nog in die hande van die Here te val. Die finale oordeel van die Here is verpletterend. Wanneer die Here kom, gaan die arend finaal toeslaan en almal wat los van Christus probeer leef het gaan finaal sterf.

Wanneer ons ly en swaarkry in hierdie wêreld kan ons verseker weet die roofvoël draai nog, daar is nog tyd, maar hy draai reeds.

Elke beproewing wat oor ons kom en elke tugtiging van die Vader en elke loutering deur omstandighede is suiwering van ons geloof. Ons moet deur al hierdie gebeure in ons lewe die genade raaksien dat ons nog telkens in die Here vasloop. Die Here wil nie hê dat ons Hom moet vergeet soos Israel Hom vergeet het nie. Die Here maak nog bemoeienis met verbondsverbrekers, want die Here wil hulle terugbring na die veiligheid van sy beskerming.

Sing Skrifberyming 34:1 en 3Ds. M.E. Schalekamp (Potchefstroom-Moorivier)